WATTER SOORT LUISTERAAR IS JY?
Matt 13:1-9; 18-23

INLEIDING:
Grootmense sê soms vir kinders: *"Daardie twee goed langs jou kop is nie daar vir die mooigyt nie!"* Of: *"Jou ore is nie net daar om jou bril op jou neus te hou nie!"* **Maw**: Gebruik jou ore om mee te luister!

Ons **t/v** is Jesus se woorde in vers 9: *"Wie ore het, moet luister!"*
Die **sewe briewe** aan die begin van die boek Open. sluit ook elkeen af met die woorde: *"Elkeen wat kan hoor, moet luister na wat die Gees vir die gemeentes sê."*
Dis duidelik dat daar 'n **verskil** is tussen om net *te hoor* en om *te luister*.
Die **gelykenis vd saaier** gaan juis hieroor: Oor die nbhd dv om *goed te luister – om so te luister dat wat jy hoor, 'n verskil maak in jou lewe.* Of ons reg gehoor het, sal **bewys word** deur die oes en die vrug wat ons lewer.

DIE GELYKENIS
Daar het daardie dag 'n groot skare mense opgedaag om na Jesus te kom luister. Daar was so 'n gedrang rondom Hom dat Hy in 'n skuit geklim het om dit as 'n tipe preekstoel te gebruik om van daaruit met hulle te praat. Hy vertel hulle toe die gelykenis van die saaier. Die **opskrif** moes dalk liewer die gelykenis van die **verskillende soorte grond** gewees het.

Op die dissipels se versoek, **verklaar Jesus** later self die beelde wat Hy gebruik het:
Die **saad** is die woord van die koninkryk. Ons kan ook sê dit is die Woord van God, **die evangelie**. Die feit dat sommige saad opgekom het en ander nie, het dus niks met die **gehalte vd saad** te make nie. Die fout lê nie by die evangelie nie.
Die **saaier** is die een wat die evangelie bring, dit uitdra of dit verkondig. Jesus self was 'n saaier, maar behalwe Hy is daar nog baie ander. Almal sy volgelinge is ook saaiers - ons almal is tog veronderstel om te help met die uitdra van die evangelie. Jesus se **dissipels** het dadelik gehoorsaam toe Hy hulle geroep het en agter Hom aangekom. Hulle is **voorbeelde** van mense by wie die saad op goeie grond geval het en vrug voortgebring het. Miskien was dit vir hulle **vreemd** dat nie almal so reageer het nie – selfs tsv die wonderwerke wat Hy voor hulle oë gedoen het!

ONTVANKLIKHEID VERSKIL
Hierdie gelykenis werp egter **lig** op die saak. Dit help alle getuies van Christus Jesus om **nie ontmoedig** te raak as mense nie in groot getalle tot bekering kom in reaksie op hulle getuienis nie, maar om ook nie **oormoedig** te wees deur te dink dat mense net die evangelie moet hoor en hulle sal dit met ope arms aanneem nie. Al is die *kwaliteit van die saad* hoe hoog en al werk die saaier *hoe getrou*, is daar ook nog 'n ander **belangrike faktor** wat bepaal of die saad gaan vrug dra of nie. Dit het met die grond te doen. Enigeen wat iets van tuinmaak af weet, weet hoe nb die toestand van die grond is.
Mense is **nie almal** ewe ontvanklik vir die ev. nie. **Dieselfde persoon** is ook **nie altyd** ewe ontvanklik nie. Daar was mense soos die in die sinagoge van Nasaret wat soos die **harde grond** was. Hulle was hoegenaamd nie oop vir sy bdskp nie. In die skare was daar baie **klipbank mense** wat entoesiasties reageer het, maar hulle entoesiasme was soos 'n strooivuur wat gou-gou weer uitbrand. Sodra hulle agterkom dat dit ook iets van 'n mens VRA om Jesus te volg, verloor hulle stoom. Hulle het net belang

gestel in die voordele wat dit vir hulle kan inhou. Die **derde groep** staan nie negatief teenoor die evangelie nie, maar, ai, daar is so baie ander dinge op hul program. Hulle gedagtes is vol **bekommernisse en begeertes** na dit wat geld 'n mens kan bied. Hulle gedagtes word so deur al sulke dinge in beslag geneem, dat hulle gou-gou weer vergeet wat hulle gehoor het en nooit uitkom by die uitvoering van hulle mooi voornemens nie.
En dan is daar **gelukkig ook** diegene wat die woord hoor, aanneem en inneem en in wie se lewe dit vrug dra!

STRUIKELBLOKKE
Dalk **herken** jy jouself in een of in al vier hierdie voorbeelde. Onthou wat Tillich gesê het: "*Die eerste plig van die liefde is om te luister*." Dit is sekerlik die **Saaier se verwagting** dat ons vrugdraende luisteraars sal wees.
Kom ons vra ons dan vandag af watter **struikelblokke** daar dalk in ons geval mag wees waarom die Woord wat ons hoor of lees, nie diep wortel skiet en vrug dra soos wat dit moet nie, of waarteen ons in elk geval moet waak.
Watter **voëls** is daar wat die saad kom wegraap? Voor my geestesoog kan ek sommer sien hoe sit hulle hier ingeryg op die kerk se dak. Voordat ons nog by die hek uit is of weer uit ons motors klim, gaan hulle probeer seker maak dat daar niks van die saad, vd bdksp wat ons vandag gehoor het, oor is nie. Solank ek nie weer daaraan dink nie, sal dit mos nie my lewe kan beinvloed nie!
Wat is **die onkruid** in my lewe? Wat is die bekommernisse waarmee ek worstel, my begeertes en ideale, soveel so dat my gedagtes selfs hier in die kerk of terwyl ek Bybellees daarmee besig is? Iewers op die
agtergrond hoor ek die ds se stem, maar my gedagtes is op ander plekke, besig om drome te droom of probleme te probeer oplos en planne te maak. Die saad vd Woord het eintlik nie 'n kans om in so 'n klimaat te groei nie. Watter **offers** is daar wat ek weet die Here van my vra, maar waarvoor ek tans nie kans sien nie? Watter **sondes** waarmee ek nie wil breek of bely nie? Soek ek net na **ervarings en belewenisse** wanneer ek met die Woord besig is, of is ek daartoe verbind om dit ook te **gehoorsaam**, kom wat wil?

LEWENSHOUDING
Maar kom ons raak meer positief. Wat kan ons doen om **beter luisteraars** te wees? Hoe kan ons die **grond voorberei** sodat die saad op goeie grond val en vrug dra?
**Brian McLaren**: *"Don't just listen with your ears, listen with your heart. Don't just hear my words, hear my deeper meaning."*
**Helmuth Thielicke**: Nodig om elke dag ten minste '*n kwartier lank* "akker" te wees. Ons moet tyd **maak** om na te dink oor die Skrif. Dit is 'n fundamentele aspek van 'n gelowige se lewe, ons kan sê dit is ononderhandelbaar. Jes 50:4: *"Elke more laat Hy my opnuut weer luister…"*
**Rob Bell:** *Leef jy soos iemand wat graag God se Woord wil hoor?* As ek JA sê, maar ek maak nie baie gereeld tyd om sy Woord aandagtig te lees en oordink nie en ek woon nie die erediens gereeld by en luister na die verkondiging van die Woord nie, praat ek mos nie die waarheid nie!
*Om goeie grond te wees, vra 'n* ***lewenshouding*** *wat die Woord ernstig opneem.*
Dan lees ek nie my Bybel soos wanneer ek deur 'n *tydskrif* blaai nie. Ek praat ook nie met God oor wat ek by Hom gehoor het of nie verstaan nie soos iemand met sy *hand op die deurknop* nie, of in *SMS styl* nie. Iemand gebruik die beeld van die persoon wat die *deur net op 'n skrefie* oopmaak omdat hy so gou moontlik weer van die besoeker

ontslae wil raak. Wanneer ons altyd net *haastig-haastig* met die Bybel en met God besig is en *oppervlakkig* lees en luister, sal die saad nie veel vrug voortbring nie. Dis dan wanneer die *voëls* dit kom oppik, die *son* dit verskroei, die *onkruid* dit verstik. My **lewe gaan voort** soos gewoonlik. Ek mag die kerk met 'n lekker gevoel verlaat en gehou het van wat ek gehoor het en hoedat die ds dit voorgedra het, maar daar is nie by my *berou en bekering* nie. Ek bly self die *beheer* in my lewe behou. Ek laat nie toe dat Christus sy lewe deur my leef nie (verlede Sondag).

LUISTERSIKLUS
Die **Luistersiklus** is 'n hulpmiddel om mense te help om na God en na mekaar te luister. Dit bestaan uit drie fases: RUS, HOOR en LEEF. Eerstens is dit nodig dat ons tot RUS kom. Voordat ons met die Skrif besig raak, of dit in ons persoonlike stiltetye of hier in die erediens is, moet ons ons **eers reg instem**.
Uit ou **China** kom die beeld van die *ape*. Hulle sê die gedagtes is ape wat in die boom van die brein hot en haar spring. 'n Mens moet hulle een na die ander vang en op die grond smyt totdat die boom skoon is! Dit is veral in ons **gejaagde lewe** bitter nodig om tyd te maak om voor God tot rus te kom. 'n Lidmaat het hieroor gesê: *"Nou verstaan ek hoekom sommige Bybelstudies by my verbygegaan het! Dit is omdat ek nie voldoende stil geword het om te kan ontvang wat die Here vir my wou gee nie!"*
Die volgende fase is HOOR. Ons luister diep na die Woord en ontmoet God. Dit is **ons verwagting**. Alan Bean was die leier van die Apollo XIII en die vierde man wat op die maan geloop het. 'n Vriend het hom gevra oor die geestelike kant van ruimtereis - die vriend het gesê: *"Ek het gehoor dat van die ruimtevaarders die teenwoordigheid van God ervaar het. Was dit 'n algemene ervaring?"* Alan Bean was vir 'n oomblik stil en het toe geantwoord: *"Sommige het, ander nie. Ruimte is in hierdie opsig nie anders as hier op aarde nie. Ons vind altyd wat ons verwag om te vind."*
Alan Bean was reg. Ons *vind altyd* wat ons verwag om te vind. Sommige mense *vind nooit* vir God nie, want hulle soek Hom nie!
Derdens antwoord ons met ons LEWE op wat ons gehoor het. Jakobus: *"Julle moet doen wat die Woord sê en dit nie net aanhoor nie, anders bedrieg julle julleself ... iemand wat hom verdiep in die volmaakte wet wat 'n mens vry maak, en hom daaraan hou en nie vergeet wat hy hoor nie, maar dit doen, hy sal gelukkig wees in wat hy doen."* (1:22,25)

Dis altyd goed om te begin en af te sluit met 'n **gebed**.

SLOT: Die NG Kerk is in 'n **Seisoen van luister**.
Die **visie** van die luisterseisoen is: 'n luisterende kerk wat voor God leef.
As **slagspreuk** van die Seisoen van Luister is die volgende gekies: God praat – leef luisterryk!
En wanneer ons luisterryk lewe, sal ons ook 'n **oes** lewer, party honderdvoudig, ander sestigvoudig en ander dertigvoudig!

Amen
13 Julie 2008

Bespreking
Gesels oor die aanhalings van Tillich, McLaren, Thielicke en Bell.
Hoe help hierdie weeklikse bespreking julle? En die Luistersiklus?